

PETISIËS AAN DIE PARLEMENT

Kragtens artikel 56 (d) en 69 (d) van die Grondwet kan die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies van enige belanghebbende persone of instellings petisies, versoë of voorleggings ontvang.

Openbare deelname aan wetgewing, toesighouding en ander prosesse van die Parlement is 'n belangrike grondwetlike bepaling van ons demokrasie. Die Parlement het verskeie werksywyses ontwerp om openbare betrokkenheid by die werksaamhede van dié instelling te bevorder. Een manier waarop die publiek hul reg tot deelname aan die Parlement kan uitoefen, is deur 'n petisie in te dien.

Die prosedure oor hoe om petisies te hanteer word in die reëls van die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies uiteengesit.

WAT IS 'N PETISIE?

'n Petisie is 'n formele versoek aan die Parlement om in te gryp in 'n saak. Dit kan die vorm aanneem van óf 'n versoek om ondersteuning met betrekking tot 'n spesifieke aangeleentheid óf die herstel ten opsigte van 'n grief.

SOORTE PETISIËS

In die algemeen is daar twee soorte petisies, naamlik spesiale petisies en openbare of algemene petisies. 'n Spesiale petisie is wanneer 'n individu 'n spesifieke versoek tot die Staat rig of om persoonlike steun van die Staat vra wat nie wetlik gemagtig word nie, byvoorbeeld toegang tot 'n pensioen. 'n Openbare petisie is wanneer 'n groep burgers met soortgelyke belange 'n versoek rig om ondersteuning oor die algemeen of die herstel ten opsigte van 'n grief.

VOORLEGGING VAN 'N PETISIE

Die Grondwet verklaar; *“Elkeen het die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, 'n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.”* Nogtans is daar sekere prosedure wat individue en/of groepe moet volg wanneer hulle 'n petisie aan die Parlement voorlê. Die voorlegging van petisies word deur die reëls van die Parlement bepaal.

Die Nasionale Vergadering vereis dat 'n petisie vir oorweging formeel deur 'n Lid van die Parlement voorgelê word. Derhalwe moet die petisie deur 'n LP ondersteun word. Jy is daarop geregtig om enige LP te nader deur hulle te kontak of die Kieserskantoor die naaste aan jou te besoek om hulle steun te werf vir die voorlegging van 'n petisie namens jou.

Die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) vereis nie dat 'n petisie deur 'n LP gesteun moet word nie. 'n Petisie wat aan die NRVP voorgelê word, moet egter voldoen aan die formaat soos deur die Voorsitter van die Raad voorgeskryf word. Die reëls van die NRVP maak nie onderskeid tussen spesiale en algemene petisies nie.

HOE OM 'N PETISIE TE SKRYF

'n Petisie behoort om aan die volgende vereistes te voldoen. Dit moet -

- In die formaat wees soos deur die Speaker van die Nasionale Vergadering (NV) of die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) bepaal word;
- Die naam/name en kontakbesonderhede van die petitioneris(se) insluit;
- Die bestemde ontvanger van die petisie (aan wie die petisie gerig is) duidelik aandui;
- Die aard van die versoek wat gedoen word duidelik aandui (die onderwerp van die petisie);
- 'n Duidelike motivering vir die petisie insluit;
- In een van die amptelike tale van Suid-Afrika wees;
- Deur die petitioneris(se) self onderteken word (tensy die Speaker of die Voorsitter anders besluit);
- Nie lasterlike of onweloweglike taal bevat nie; en
- Die aard van die ondersteuning wat van die Parlement verwag word, aandui.

HOE 'N PETISIE IN DIE PARLEMENT INGEDIEN WORD

Dit is raadsaam dat jy met 'n LP praat voordat jy jou petisie indien aangesien hulle jou met die formaat en inhoud van jou petisie van raad kan dien.

Indien daar stawende dokumente is oor die aangeleentheid wat deur die petitioneris(se) geopper is, moet dit by die petisie aangeheg word.

Jou petisie sal by die Sekretaris van die Parlement ingedien word waar dit hersien sal word en om te bevestig dat die formaat en inhoud korrek is, en dan sal dit aan die Speaker van die Nasionale Vergadering of die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies voorgelê word.

Indien die petisie aan al die vereistes voldoen, sal dit in die Parlement ter tafel gelê word. Indien dit 'n spesiale petisie is, sal dit verwys word na die Komitee oor Privaatlede se Wetgewende Voorstelle en Spesiale Petisies in die NV of die Gekose Komitee oor Petisies en Lede se Wetgewende Voorstelle in die NVRP. Indien dit 'n algemene petisie is, sal dit verwys word na die betrokke portefeulje- of gekose komitee(s) wat die aangeleentheid hanteer wat in die petisie vervat is.

'n Goedgekeurde formaat vir jou petisie kan verkry word by die Parlement se dokumenteklerk. Nadat jy jou petisie opgestel het, moet dit by die kantoor van die dokumenteklerk ingehandig word.

*Navrae oor petisies kan gerig word aan:
Dokumenteklerk*

*Tel: (021) 403-2224/6 of
Posbus 15, Kaapstad, 8000.*

*Neem deel aan die Parlement!
Laat jou stem gehoor word!*

This pamphlet is available in all the official languages of South Africa.



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Produced by the Public Education Office • Parliamentary Communication Services • INSPIRED BY PEOPLE
www.parliament.gov.za • P.O. Box 15, Cape Town, 8000 • Telephone: (021) 403 3341 • Facsimile: (021) 403 3303



Petitions to Parliament